Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*In die demokrasie word aan 'n volk belowe dat hy môre of oormôre oor sy vrywording kan stem.*

# Die O.B.

*In 'n volksbeweging word van 'n volk geëis dat hy vandag en elke dag vir sy vryheid sal veg.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 2 JUNIE 1943. No. 28.

## JEUGFRONT OFFISIERE KIES TRONKSTRAF

**Nege van die 22 Jeugfront-offisiere wie se appèl teen die uitspraak en vonnis van die magistraat van Bloemfontein onlangs deur die Appèlhof verwerp is, het besluit om tronkstraf te ondergaan in plaas van die boete te betaal. Hulle is indertyd skuldig bevind weens driloefeninge in 'n kamp en tot twee maande tronkstraf of £25 boete veroordeel. Diegene wie se boete betaal is, is òf gedwing deur omstandighede òf hul ouers, voogde en vriende het dit vir hulle betaal. Van die nege wat tronk toe gaan, is daar 'n hele paar welgestelde jong boere vir wie die boete 'n kleinigheid sou wees. Hulle verkies egter om nie swakker te wees as 'n jong skooldogter wat die Empire-tronke getrotseer het nie. In die geval van mnr. K. Roos van Clarence, hoofkommandant van die Jeugfront, word 'n besondere offer gebring. Hy staan op die punt om te trou, maar terwille van die ere-straf wat hy verkies om te ondergaan, het hy sy huwelik uitgestel tot later. Voor die tronkdeur is nog verlaas by hulle deur vriende aangedring om hulle toe te laat om vir hulle die boete te betaal, maar hulle het fier en dapper die aanbod van die hand gewys.**

## Uitlanders Rand Gebiedshoof Aan

Genl. Japie van der Merwe, Gebiedshoof van die Vrystaat, is op 19 Mei in Bloemfontein deur drie Amerikaanse seesoldate aangerand. Genl. en mev. Van der Merwe was op die stasie om 'n paar dames te groet wat met die trein na Kimberley sou vertrek. Die stasie was vol soldate, maar drie het op luidrugtige wyse 'n gesprek met die dames probeer aanknoop. „Shake hands, shake hands,'' het hulle hulself voorgestel. Die dames het egter geen notisie van hulle geneem nie.

Juis op daardie oomblik het genl. Van der Merwe hom by die dames gevoeg en hy is ook met „shake hands'' begroet. Toe ook hy van hulle geen notisie neem nie, het een van die drie hom met 'n bottel bier oor die kin geslaan. Die hou was so geweldig dat hy bewusteloos neergesak het. 'n Suid-Afrikaanse soldaat wat die affêre aanskou het, het geprobeer tussenbei tree, maar hy is ook platgeslaan.

Die hulp van die spoorwegpolisie is toe ingeroep, maar dié het hulle verontskuldig dat dit die werk van die militêre polisie is om op te tree. **Die militêre polisie is gesoek en toe een later gevind is, het hy dit nie veilig geag om alleen iets te doen nie. Later is die saak by die speurdiens aangemeld, maar niemand het by genl. Van der Merwe daardie dag opgedaag nie.** Later is die saak wel opgeneem nadat die soldate al hul bestemming bereik het.

Onmiddellik ná die voorval is genl. Van der Merwe na die Nasionale Hospitaal gebring, waar die sny oor sy kin deur 'n geneesheer toegewerk is. Hy is later na sy plaas geneem.

Genl. Van der Merwe is deur die soldate uitgeskel vir bl— Boer en bl— Nazi.

## Dr. Malan Onthou Iets wat Nooit Kon Gebeur Het !

**Die volgende verbasende verklaring is in Pretoria deur dr. Malan in die loop van sy toespraak, soos gerapporteer in Die Burger van 25 Mei, gedoen:**

**„Mnr. Havenga het vir spr. oor 'n verkiesingsooreenkoms genader. Spr. het nie eenvoudig geweier om te onderhandel nie. Mnr. Havenga wou hê dat sittende lede van die Afrikanerparty in die Volksraad en Provinsiale Rade hul setels moes behou EN DAT DIE AFRIKANERPARTY OOK SOU DEEL IN NUWE ORDE-SETELS.''**

**In sy skriftelike verklaring van 27 April waarin dr. Malan 'n volledige oorsig gee van sy onderhandelings met mnr. Havenga maak hy geen melding van hierdie laaste eis nie. HY KON OOK NIE, WANT OP DIE TYDSTIP TOE HY EN MNR. HAVENGA ONDERHANDEL HET, WAS DAAR NOG GEEN SPRAKE DAT ADV. PIROW AFSTAND SOU DOEN VAN SY SETELS NIE. EERS DIE VOLGENDE WEEK HET DIE NUWE ORDE-KOUKUS DAARDIE BESLUIT GENEEM, en teen daardie tyd was mnr. Havenga nie eens meer in Kaapstad nie! Watter vertroue kan die volk in 'n leier hê wat sulke ontsettende bewerings maak?**

## VRIENDSKAPSENTRUM IN PORT ELIZABETH

Uit Port Elizabeth word verneem dat die Vroue-kommando aldaar met behulp van die Manne-kommando op 1 Mei 'n vriendskapsentrum geopen het, waar lede en goedgesindes gesellig kan verkeer en inligting inwin. Die belangstelling daarin was besonder groot totsover, en soos ook op ander plekke voorsien hierdie sentrum in 'n groot behoefte. Verklaar word dat die vroue-afdeling van Port Elizabeth baie bedrywig is en groot verwagtings gaande maak.

## STUDIEBEURSE VAN DIE HELPMEKAAR

Die B-fonds van die Helpmekaarvereniging in Kaapland is nou in staat om lenings aan gevorderde studente toe te staan, d.w.s. studente wat reeds die eerste jaar van die universiteitskursus agter die rug het. Voorkeur sal verleen word aan studente wat 'n kursus in medisyne of die ingenieurswese wil neem. Aansoekvorms en besonderhede is verkrygbaar by die Vereniging se kantoor, kamer 903, Groote Kerkgebou, Kaapstad.

## LAERTREKKINGS MET OOG OP VERKIESING

**Brandwagte word versoek om nie haastig te word in verband met die aanstaande verkiesing nie. Die regte rigting en leiding sal deur die O.B.-leiding gegee word. Vir dié doel word 'n reeks laertrekkings van offisiere van alle range in die eersvolgende paar weke dwarsdeur die land gehou wat deur die Kommandant-generaal toegespreek sal word.**

**Die tyd en plek van die laertrekking is as volg:**

**KAAPSTAD: 15 Junie, Hofmeyrsaal 2 nm.**

**OUDTSHOORN: 19 Junie, Drilsaal, 2 nm.**

**CRADOCK: 21 Junie, Sanlamgebou, 2 nm.**

**BLOEMFONTEIN: 23 Junie, Clarendonsaal, 7.30 nm.**

**KROONSTAD: 26 Junie, 11 vm.**


## ONTHOU 8 AUGUSTUS !

**Brandwagte moenie net teen die sewende van die sewende maand vaskyk nie, maar moet die agste van die agste maand in gedagte hou. Daar moet nou reeds gewerk word om ons strydfonds op 8 Augustus te sterk.**


Waarde vir geld




Ondersteun Ons Adverteerders




EM Bpk.

AFRIKANERSAKE gaan van krag tot krag. Die jongste volksprestasie is dié van Excelsior Meubels, wat vinnig die mark verower met meubels vervaardig deur Afrikaners, bemark deur en vir die gebruik van Afrikaners.

DRA u deel by in hierdie grootste strewe na selfstandigheid in die meubelwêreld. Koop u meubels by Excelsior en deel in die winste deur self 'n aandeelhouer te word. Excelsior Meubels besit reeds twee Fabrieke en vier takwinkels onder dié naam in Johannesburg, Pretoria, Germiston en Bloemfontein asook Goodwood Meubileerders (Edms.) Bpk. van Pretoria en L. D. Phillips (Edms.) Bpk. van Kaapstad wat onder hul name voortbestaan.

'n Kunsbrosjure sal gratis aan u gestuur word indien u meer wil weet van ons prestasies, doel en dienste.

Die Sekretaris,
EXCELSIOR MEUBELS BEPERK,
Posbus 6670 JOHANNESBURG Spoorbondkasgebou

Stuur u brosjure aan: M.............................................

...........................................................................

OB 1 ...........................................................................

## KORRESPONDENSIEKURSUS

**AFRIKANERS LUISTER HIER!** — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukursusse. Laasgenoemde kursusse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van: Unie-Boekhoukollege, Posbus 32, Alexandria.

## FRANSCHHOEK PRESTEER

Die puik kommando van komdt. Max Smuts van Franschhoek het op Saterdag, 15 Mei, 'n bietjie oefening gehou met die oog op 8 Augustus in die vorm van 'n verkoping. Ondanks die feit dat hulle hul kragte en vermoë eintlik vir Ossewabrandwag-dag bewaar, het hierdie voorlopige onderneming die verrassende bedrag van £107 opgelewer.

# O.B. Het sy Goeie Trou Bewys

## Dr. Van Rensburg Voor O.V.S.-Vroue

BLOEMFONTEIN, 16 Mei.—Voor 'n vergadering bestaande uit tweehonderd O.B.-dames in wit gekleed en 'n groot aantal ander belangstellendes, het dr. J. F. J. van Rensburg gisteraand in die ou Stadsaal te Bloemfontein verklaar dat dit die plig van die O.B. is om telkens as die Regering een van die Afrikaners interneer, nogeens so hard te werk teen die huidige bewind. Die funksie is gehou by geleentheid van die spinkursus alhier.

Na aanleiding van die mislukte appèl van die 22 Jeugfront-manne, het hy gesê dat daar van baie kante planne beraam was deur mense wat dit goed bedoel het om te verhoed dat die jongmanne na die tronk gaan, want, so het hulle geredeneer, dit is 'n skande om in die tronk te sit. **„Natuurlik wil ons nie Afrikaners in die tronk sien nie, maar as ons dogters dit verkies bo verraad-pleging dan durf ons seuns nie agteruitstaan nie.''** Van die S.A. Polisie praat spreker altyd waarderend; hulle is Afrikaners wat 'n moeilike plig met eer vervul. Ongelukkig is daar in die politieke afdeling van die Speurdiens sommige wat hul pligte te buite gaan en in die meeste gevalle is dit die vrou wat die grootste vernedering moet ondergaan met huissoekings deur die speurders. **Spreker se raad aan die vroue wat so behandel word. is om dit onmiddellik te rapporteer aan die betrokke owerheid of regstreeks aan hom. en hy sal toesien dat hulle dit ontgelde.** Daar was 'n geval waar 'n dame 'n speurder wat haar beledig het meegedeel het dat sy hom by die O.B. sal rapporteer en die speurder het mooigepraat dat sy dit tog nie moes doen nie. want dan sou sy naam 'n slegte smaak laat van die Kaap tot aan die Sambesi. Aan die kant van die O.B. staan die openbare mening wat sterker is as die polisiemag of die Regering.

Voorts het spreker die standpunt van die Ossewabrandwag behandel ten opsigte van die binnelandse aangeleenthede. **Hy herinner die gehoor aan die offer wat die O.B. bereid was om te doen deur sy aanbod van samewerking met die ander drie organisasies in die verkiesing. Hierdie aanbod is gemaak sonder dat hy enigiets daarvoor gevra het behalwe die reg om teen die Empire te veg. Daar het niks van gekom nie, want die Nasionale Pers het dit verswyg en baie van die mense hoor vandag eers vir die eerste keer daarvan.**

**Hierdie offervaardigheid het die O.B. se posisie versterk teenoor die opposisiepartye, want selfs die sterkste teenstanders begin nou die goeie trou van die O.B. besef. As die aanbod aanvaar was, sou die O.B. hom honderd persent agter die opposisiepartye geskaar het en sou hy elke man, elke motor en al sy krag tot die beskikking van die opposisie geplaas het. Nog vrees hy egter dat die eleksie 'n groot oorwinning vir die Regering sal wees en dat dit die Afrikanerdom is wat sal verloor.**

Ook teenoor die Regering is die O.B. vandag sterker as 'n jaar gelede. **In die geledere van die Regering is daar mense wat vandag openlik erken dat die O.B. nog altyd die kommuniste beveg het. Genl. Smuts is nou op baie gladde grond teenoor die O.B. Sy eie mense wil nie sien dat 'n organisasie wat 'n volksvyand beveg gehinder moet word nie.**

Dr. Van Rensburg het voorts aan die Regeringsondersteuners die waarskuwing gerig dat hulle nie te optimisties moet wees oor die tydelike suksesse van die Noord-Afrikaanse veldtog nie. Vandag staan die Europese nasionalisme teen die internasionalisme en na die meer as drie jaar se oorlog is daar nog geen teken dat die internasionalisme gaan wen nie.

In Suid-Afrika voer die Afrikaner die stryd teen die Imperiale bande wat hom bind aan die lot van buitelande en hy sal nie ophou met stry totdat elke band verbreek is nie.

Met verwysing na die spinkursus in die stad het spreker veral die roeping van die vrou in die O.B. beklemtoon en daarop gewys dat die vrou hier net soos elders sekere pligte het teenoor die samelewing. **Sy moet sorg vir die gesinslewe en die sosiale aangeleenthede van ons volk.** Sy is die besieling van die man en in gevalle waar die man nog twyfel of wil wankel moet die inspirasie van die vrou hom aanspoor en ophef.

Daar is 'n rewolusie aan die gang in die wêreld en dit is nie 'n rewolusie van geweld nie maar een van gedagte. Die menslike gedagte is besig om om te swaai en dis die O.B. meer as enigiets anders wat gesorg het dat die gedagte van die Afrikaner omswaai na groter vryheid. In daardie sin is ons 'n rewolusionêre beweging. **Ons wil en gaan 'n ander standaard daarstel in ons volkslewe.** Die vrou se plig is eerstens om te help in daardie taak en sodoende sal sy haar regte plek in die samelewing inneem.

Die kursusgangers was almal in die aanbevole witrok aanwesig en telkens gedurende sy toespraak is dr. Van Rensburg luid toegejuig.

Verskeie musieknommers en voordrag is eers afgehandel en na die vergadering is verversings bedien deur die dames van Bloemfontein.

'n Uitstalling van nuttige artikels, gemaak van rommel en afvalmateriaal, is ten toon gestel en het groot belangstelling gewek.

## ONWEERLEGBARE FEIT

**„Niemand is uit die Party gesit omdat hy lid van die O.B. is nie,''** het dr. Malan in Pretoria verlede week gesê.

Op bladsy 25, art. 3 van die Konstitusie van die H.N.P. in Kaapland, lees ons: **„Enige beampte en amptenaar van die Party (insluitende Senatore, Volksraadslede en Provinsiale Raadslede), behalwe 'n gewone lid, lê die belofte in Bylaag E af voor 'n hoër beampte of amptenaar van die Party; of voor 'n Kommissaris van Ede of Vrederegter wat die Party plaaslik goedkeur.''**

Bylaag E, soos gedruk op bls. 74 van die Konstitusie, lui o.a. as volg:

**„Voor God Almagtig verklaar ek plegtiglik en opregtelik dat ek . . . nie lid is van enige ander politieke party of politieke organisasie nie.''**

**Dr. Malan het die Ossewabrandwag in Oktober 1941 verklaar tot 'n politieke organisasie, en daarom eis hy vandag nog dat niemand kandidaat vir sy Party kan wees solank hy lid van die O.B. is nie. Elke H.N.P.-kandidaat is VERPLIG uit hoofde van sy EED om die Ossewabrandwag te bedank.**

*HET U AL BESTEL?*

*Indien nie,*
*doen dit tog dadelik!*

*MÔRE MAG TE LAAT WEES*

**GENERAAL J. B. M. HERTZOG**

***'n Lewensgeskiedenis***

deur

**C. M. van den HEEVER**

★

Verskyn Eersdaags

★

**Die boek beslaan ongeveer 900 bladsye met seldsame fotos op kunspapier. U sien hom as seun, as student, as regter, as politikus, as leier, as Eerste Minister, as mens — en dan as banneling in sy eie land!**

**HIER IS 'N BOEK WAT ELKEEN MOET BESIT**

**Prys £1-2-6**

EN POSGELD 1/6

**Weens die oorlogsomstandighede kan ALLEEN kontantbestellings in aanmerking geneem word. Gereed teen die helfte van 1943 MAAR bestel nou.**

**DIE OPLAAG IS BEPERK**

**AFRIKAANSE PERS BEPERK**

**Posbus 845. Johannesburg.**

116 Takke 44,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000

**Hoofkantoor:**

**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**
**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**

**SASBANK**

***Verrig Volksdiens!***

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

# Ossewabrandwag Stel Belang in Arbeider se Gesinslewe

## Persoonlike Aanleg sal in Gesagstaat 'Aard Van Elkeen se Werk Bepaal

(D.L. 6/43.)

**In die vorige bespreking het ons daarop gewys dat die mens alleen langs die weg van pligsgetroue en skeppende arbeid waaragtige ADEL kan verwerf. Ons wil nou daarop wys dat die arbeid ook die enigste weg is waarlangs die GESIN versorg en sy selfstandigheid bevorder kan word.**

Dit is deur pligsgetroue arbeid dat die vader of die broodwinner in die lewensbehoeftes van die gesin moet voorsien en dit is deur nougesette arbeid dat die jongman hom moet voorberei om die verantwoordelikheid van 'n gesin op sy skouers te neem. Die man wat in staat is om te werk maar te lui daarvoor is en verwag dat hy en sy gesin deur die aalmoese van liefdadigheidsverenigings en die staat aan die lewe gehou moet word, so 'n man moet op sy plig gewys word. Hy het nie alleen 'n plig teenoor sy gesin nie, maar ook teenoor sy volk, omdat sy volk hom en sy gesin nodig het.

**Die kapitalistiese stelsel met sy aalmoese, „die krummels van die tafels van die rykes," wat die ontevredenes moet sus as die uitbuiting te swaar druk, het reeds menige volksgenoot so beïnvloed dat hulle nie meer bewus is van hul verantwoordelikheid om hul gesinne deur hul arbeid te versorg nie. Hulle maak staat op die aalmoese. Die Ossewabrandwag glo nie in aalmoese nie. Hy glo net in die eie-arbeid.** Die man wat arbeidsgeskik is moet nie iets verwag as hy nie daarvoor werk nie. Teenoor die broodwinners wat nie in staat is om te werk nie, b.v. weens een of ander liggaamsgebrek, ouderdom of siekte, moet die volk as geheel verantwoordelikheid vir die versorging van hul gesinne aanvaar. Dit is gesonde sosialisme.

Maar as ons van die standpunt uitgaan dat die gesin deur die pligsgetroue arbeid van die broodwinner versorg en selfstandig gemaak moet word, **moet ons ook toegee dat die broodwinner aanspraak het op 'n vergoeding vir sy arbeid wat hom in staat sal stel om sy verpligtinge na te kom. Daarom gaan die Ossewabrandwag van die standpunt uit dat die vergoeding van die arbeid van 'n broodwinner nie net bepaal moet word deur die markwaarde van sy arbeid nie, maar ook en veral deur die verpligtings wat hy teenoor sy gesin en die volk moet nakom.** Onder die kapitalisme het die arbeid 'n gewone **handelsartikel** geword wat net soos ander artikels op die mark verhandel word. **Die kapitalis stel slegs belang in die arbeid en nie in die arbeider self nie. Die Ossewabrandwag, daarenteen, sien in die arbeider die volksgenoot en die onderhouer van 'n gesin en behandel hom as sodanig.**

Ook mag ons nie toelaat dat 'n jongman deur finansiële oorwegings weerhou word van sy plig om die verantwoordelikheid van 'n gesin te aanvaar nie. Immers, hy moet juis aangemoedig word om in die beste jare van sy lewe 'n gesonde gesin op te bou. Die Ossewabrandwag stel in die eerste plek belang in die gesin, en eers daarna in die enkeling.

### EERS 30 JAAR

Wat gebeur vandag onder die kapitalistiese stelsel? Neem die geval van 'n jongman in een van die uitlandse banke of selfs in die staatsdiens. Wanneer sy salaris in die gewone loop van sake eendag op so 'n peil is dat hy kans sien om te trou, dan is hy amper 30 jaar oud, indien nie ouer nie. **Sy beste jare is daarmee heen en in baie gevalle word so 'n persoon onverskillig ten opsigte van die huwelik. Waar hy wel besluit om vroeër te trou as wat sy salaris toelaat, moet hy òf hom gedurig kommer oor hoe hy sy inkomste kan aanvul òf sy vrou toelaat om self te gaan verdien om die broodwinning aan te vul, met die gevolg dat die gesinslewe daaronder ly.**

Omdat die Ossewabrandwag streef na die herskepping van die gesonde gesinslewe van ons volk en omdat 'n egpaar met kinders vir ons volk meer werd is as 'n egpaar sonder kinders, **daarom sê ons dat waar 'n jongman se verdienste weens die aard van sy werk onvoldoende is om 'n gesin te onderhou, en hy liggaamlik en geestelik geskik vir die huwelik is, moet hy gesteun word deur een of ander stelsel van rentelose huweliksvoorskotte of kindertoelaes.** By voorbeeld, 'n jongman wil graag trou en hy is liggaamlik en geestelik geskik vir die huwelik, maar hy is finansiëel nie in staat om meubels en ander huishoudelike benodighede aan te skaf nie, **dan gee die staat hom 'n rentelose huweliksvoorskot wat hy dan alleen vir die koop van huishoudelike benodighede kan aanwend,** volgens die behoefte wat daar bestaan en nie vir die bevrediging van 'n weelde-mania nie. Hierdie voorskot is dan binne 'n tydperk van sê 10 jaar terugbetaalbaar, **maar by die geboorte van elke kind verval een-kwart van die voorskot. Wanneer die minimum aantal kinders gebore is wat elke gesin behoort te hê, nl. vier, word die voorskot 'n huweliksgeskenk van die staat aan die egpaar.**

Maar so 'n huweliksvoorskot sal niks baat as die egpaar in 'n krot of pandok moet gaan lewe nie. Om gesonde gesinsvorming aan te moedig moet ook daarna gestreef word om elke gesin sy eie huis, met 'n stuk grond vir 'n tuin en 'n speelplek vir die kinders daarby, te laat besit. Vir hierdie doel word 'n staatsbeheerde **woningkorporasie** beoog, **wat verantwoordelik sal wees vir die hersiening en vasstelling van alle stedelike grond- en woningspryse, vir die opruiming van agterbuurtes en vir die stelselmatige aanbou van wonings volgens die volksbehoefte. Elke gesin sal dan in staat gestel word om op billike voorwaardes 'n huis van die korporasie te koop.**

Die kommunis sê: „eiendom is diefstal — weg met alle private eiendom!"

Die Ossewabrandwag sê: „vir elkeen sy eie huis en stukkie grond — dit bevorder 'n selfstandige en gesonde gesinslewe."

### VOEDING

Benewens huisvesting het die gesin ook behoefte aan deeglike voeding en kleding om gesond na liggaam en gees te kan ontwikkel. Maar selfs die hardste arbeid van die broodwinner is nie in staat om die selfstandigheid van die gesin te bevorder as toegelaat word dat middelmanne die gesin uitsuig deur woekerpryse vir hul voedsel en kleding te vra nie. **Daarom sê die Ossewabrandwag dat geen spekulasie met 'n volk se voedsel geduld mag word nie en dat toegesien moet word dat behoorlike kleding teen billike pryse vir elkeen beskikbaar gestel moet word.** Voedsel en kleding moet volgens die behoefte van die volk geproduseer word en nie volgens die winste wat daaruit gemaak kan word nie, en deur strenge prysbeheer moet gesorg word dat geen woekerwinste in die handel daarmee gemaak sal word nie. Verder moet die volk deur opbouende volksorg geleer word om die beste gebruik van die beskikbare voedsel en kleding te maak.

In die sosiale struktuur waarvoor die Ossewabrandwag veg, neem die behoeftes van die arbeidende gemeenskap met hul gesinne die eerste plek in, en nie die ruilwaarde van handelsartikels soos dit die geval in die huidige kapitalistiese stelsel is nie. Die Ossewabrandwag sal hom in die eerste plaas dus toespits op die voorsiening in die elementêre behoeftes van die volk, t.w. voeding, kleding en behuising. **Alleen die gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard, kan en sal dit doen.**

In verband met die arbeid van die broodwinner vir die onderhoud van sy gesin, gaan die Ossewabrandwag ook van die standpunt uit dat die verdienste van die man voldoende moet wees om in die behoeftes van die gesin te voorsien. Die getroude vrou se hoogste taak en roeping is **in** die huis, as sorgsame moeder van die gesin, en nie buite in die fabriek of kantoor as aanvuller van die verdienste van die man nie. Die kapitalis stel net belang in die arbeid en nie in die welvaart en geluk van die persoon wat die arbeid verrig nie. Die Ossewabrandwag stel in die eerste plaas belang in die geluk en welvaart van die arbeider omdat hy 'n draer van die volksbloed is en hy sy gesin die beste kan versorg en sy volk die beste kan dien as hy gesond en gelukkig in sy arbeid is.

Die bevordering van die gesinselfstandighid vereis natuurlik dat elke broodwinner vir die een of ander vertakking van die arbeid voorberei moet wees en in behoorlik besoldigde arbeid ingeskakel moet word. **Maar omdat arbeid nie net 'n broodwinning is nie maar ook 'n dienslewering in belang van die volksgemeenskap as geheel, moet elke broodwinner in dié arbeid ingeskakel wees waarvoor hy die meeste aanleg besit en waar hy die beste diens kan lewer.** As 'n man in 'n fabriek beter sal deug as op 'n plaas, dan moet hy nie op die plaas bly net omdat hy op een of ander manier sy brood daar kan verdien nie. Elke man op die regte plek, moet ons strewe wees. Dit is die taak van die beroepsopleiding.

In die volgende bespreking sal ons verder op hierdie saak ingaan wanneer ons die arbeid sal beskou in die lig van volksdiens en die vereistes wat dit aan arbeidsorganisasie stel.

(Weens vertraging op die pos het hierdie stuk ons te laat bereik vir die vorige uitgawe.—Red.)

Voeg
DIE DAAD
by
DIE WOORD
Rook
Patria

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

*Beskerm u Gesondheid*

*en*

*Lewenskrag*

Gebruik

LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP — DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

*'n LEVER Produk*

W. VOIGT BPK.,
HUGENOOT.

*Fabrikante van . . .*

*Kelder en Besproeiings Masjinerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.

Posbus 10, Hugenoot.

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

STABILIS

? Ja, laat

*STABILIS AGENTSKAPPE EN BELEGGINGSMPY.*

U help in verband met:—

- KOOP EN VERKOOP van Plase, Besighede, Vaste Eiendomme in Stad en Dorp.
- GELDBELEGGINGS: Op verbande, of in aandele in die handel en nywerheid, teen hoogste koerse.
- LENINGS: Op Plaas- en Stads- of Dorps-eiendomme; Private lenings ens. teen laagste rente. Ook Verbandlenings.
- INKOMSTEBELASTINGSTATE word opgestel deur 'n deskundige op die staf.
- ALLE KLASSE VERSEKERING word onderneem.
- AS HANDELSADVISEURS kan ons u inlig insake stigting, oorname en aankoop van besighede, voorraadprobleme ens.
- AFSLAERSWERK: Ons onderneem verkoop van vaste eiendomme, huisraad en gereedskap ens. per publieke veiling.
- ONS IS AGENTE vir die Helpmekaar Kollege. Doen u inskrywings hier.

*U Eie Afrikanerbesigheid!! — Ondersteun dit!!*

POSBUS: 1527. FOON: 3-0764.

„Grondvloer," Security-gebou, Exchange Place, KAAPSTAD.

Die Afrikaner-motoreienaar se tuiste in die teenswoordige motorwêreld.

Sy sterkte en Mekka in die na-oorlogse motorwêreld. Sorg dat u daarin bly as u reeds 'n TREKKER is — of sluit sonder versuim aan.

V.M.K. BPK.,
Groote-Kerkgebou,
Adderleystraat,
KAAPSTAD.

VLAM, BPK.,
Groote-Kerkgebou,
Adderleystraat,
KAAPSTAD.

*Takkantore dwarsdeur die Unie van Suid-Afrika en Verteenwoordiging in Suidwes-Afrika.*

DIE O.B., WOENSDAG, 2 JUN. 1943.

# Net die Dooie se Hand sal Hy Vat

„Wat gaan u voor 14 Junie doen om eenheid te verkry?" lui 'n vraag wat aan dr. Malan op Potgietersrus gestel is nadat die aanbod van die Ossewabrandwag in verband met die verkiesing onder bespreknig was. Die antwoord van dr. Malan as leier van 'n party wat voorgee dat hy in belang van die Afrikanervolk optree, is so leeg as wat dit onversoenbaar is met die taal van 'n verantwoordelike volksleier. Dit lui as volg in Die Burger van 26 Mei: **„Hy het gesê dat hy nie verder kan gaan as wat hy reeds gegaan het nie, tensy hy die versekering kry wat hy reeds genoem het."**

**Daardie versekering is dat alle groepe buite die H.N.P. hulself moet ontbind en by die H.N.P. aansluit.** Sodra dit gedoen is, is dr. Malan bereid om die leierskap van die party voor 'n kongres vir beslissing te lê. **Dit is opmerklik dat niemand behalwe dr. Malan begaan is oor die leierskap nie.** Die Ossewabrandwag het geen voorwaardes in verband met leierskap gestel nie, en mnr. Havenga het dr. Malan die versekering gegee dat hy (dr. Malan) die parlementêre leier van die opposisie kan wees. Miskien is hierdie saak deur hom aangehaal met die oog op sy eie party-ondersteuners wat in sommige kringe al groot misnoeë openbaar teen hul hoofleier se onverskilligheid ten opsigte van die aangebode hulp.

Dr. Malan se antwoord toon helder en klaar dat hy die volle pond vleis van sy mede-republikeine eis, **kos wat dit wil.** Hy begeer die kop op 'n skottel nie van Smuts nie, maar van drie republikeinse anti-oorlogsgroepe **en hy wil daardie drie koppe kry al moet hy sy volk die afgrond instuur en met 'n gehawende party uit die stryd terugkeer.** Sy eis vir samewerking teen Smuts is eenvoudig dat die drie ander groepe selfmoord moet pleeg. En as hulle nie bereid is om selfmoord te pleeg nie, dan gaan hy moord pleeg op hulle, **broedermoord. Dan gaan hy die verkiesing gebruik as 'n middel om hulle uit die openbare lewe van die Afrikaner uit te skakel, al kry Smuts die geleentheid daardeur om nog vyf jaar te regeer.**

**As politikus besef dr. Malan dat selfs 'n swewende dagdromer nie vir een oomblik sal glo dat 'n magtige organisasie soos die Ossewabrandwag wat vir twee jaar homself teen die verwoedste aanvalle gehandhaaf het en wat met nuwe ideale en 'n lewenskragtige beskouing te voorskyn gekom het, homself sal ontbind net om die eer te hê om te gaan stem vir daardie politikus wat hom probeer vernietig het nie.**

**Dr. Malan weet dus baie goed dat nòg die O.B. nòg enige ander politieke groep homself sal ontbind.** Om dit te hoop, is so goed as om na die sterre te loop en kyk — soos hy in Pretoria gesê het dat hy nie doen nie toe hy oor die Engelse gepraat het. Daarom maak dr. Malan hom klaar om in hierdie verkiesing nie teen Smuts slag te lewer nie, maar teen sy eie broeder-organisasies — organisasies wat soos een man hul hulp vir hom aangebied het in die verkiesing. **Daarom weier dr. Malan om die handskoen op te tel wat Smuts neerwerp.** „Dis wat Smuts betref 'n kakie-eleksie. Vir hom is die verkiesing oor die **oorlog. Die H.N.P. kyk verder."** So het hy in Pretoria verklaar. **Hy wil dus nie oor die oorlog veg nie, want dan weet hy staan die Ossewabrandwag en die ander groepe skouer aan skouer met hom. Oor die kwessie van oorlog verskil geen Afrikaner van hom nie. Hy kan dus nie oor die oorlog teen hulle baklei nie. Nou soek hy 'n terrein waar hy wel verskilpunte teen sy mede-republikeine kan ontdek, en daardie terrein is die ekonomiese, al is dit maar vir eendag as die oorlog eers verby is.**

Sy koerante trek dan ook dadelik te velde teen mnr. Havenga se manifes, en wel omdat hy dan nie so 'n goeie **ekonomiese** program het soos die H.N.P. nie! **Dr. Malan self trek dadelik te velde teen die naturellebeleid van republikeinse groepe wat vir algehele segregasie staan.** Daarin sien hy nou rede om te verskil, maar die eenstemmigheid oor die oorlog, dit sien hy nie raak nie! In Pretoria laat hy hom as volg uit oor die naturelle-vraagstuk: **„'n Mens hoor nou van algehele territoriale segregasie. Hierdie plan ruik na die studeerkamer. Watter reg het ons om agt miljoen in ander se gebied te plaas? Ons ekonomiese lewe is vir die grootste deel op nie-blanke arbeid gegrondves. Dit sou alles ontwrig op ekonomiese gebied."**

**Net om te kan verskil, is dr. Malan bereid om tydelik afstand te doen van sy segregasiebeleid! Hy soek na verskilpunte in sy moordtog teen mede-republikeine. Die groot vraagstuk van oorlog, waaroor ons almal eens teen Smuts is, dit vermy hy!**

Oor die vraagstuk van 'n republiek was daar tot onlangs ook eenstemmigheid sover dit die Ossewabrandwag betref. Volgens verslag in Die Burger van 24 Sept. 1941 is die volgende vraag aan dr. Malan op Elliot gestel:

„U wil 'n republiek hê, maar dink u daaraan dat hier twee volke in die land is?"

Dr. Malan se antwoord daarop was: **„Hier is maar een volk, die nasionaalgesinde Afrikanerdom. Die ander is nie 'n volk nie, hulle is deel van 'n volk oor see."**

Hierin het die Ossewabrandwag dr. Malan gesteun, **maar net om nou te kan verskil, sê dr. Malan in Pretoria: „As die republiek gestig word net vir een seksie en nie vir die ander nie, word die Engelssprekende op die verdediging gestel. Hy sal dan veg tot die end . . . Die H.N.P. sal die Engelssprekendes nie as vreemdelinge behandel nie."** (Die Burger 25 Mei.)

Dr. Malan begeer die Ossewabrandwag se kop op 'n skottel, en om daardie kop te kry, **is hy bereid om die grootste vraagstuk waaroor daar eensgesindheid is, naamlik die oorlog, te vermy as strydpunt. Om die kop van die Ossewabrandwag te bekom, is hy bereid om sy eie republikeinste beleid te verdraai in 'n poging om skoor te soek.**

Die gratis steun van die Ossewabrandwag vir die verkiesing, het dr. Malan van die hand gewys. **Vir die steun van die Engelse is hy bereid om die oorlog voort te sit en sy republikeinse strewe te verwater.**

As dit gaan oor die samewerking van die republikeinse groepe, kyk dr. Malan na die sterre. Dan verwag hy die **onmoontlike.** Maar as dit gaan oor die stemme van die Engelse **is hy so prakties dat hy afstand doen van Suid-Afrika se reg op neutraliteit en van sy eie party se hoofideaal!**

**En dit alles net om teen sy mede-republikeine tot die dood toe te kan veg! Eers as hulle dood is, sal hy die hand van vriendskap uitsteek!**

# Min of Meer Belangrik

## *Rusland Vra Voedsel*

By geleentheid van die Geallieerde voedselkonferensie verlede week het die Russiese afvaardiging gepleit dat die onmiddellike verskaffing van voedsel bespreek moet word voordat oor toekomsplanne gedink word. Rusland het onmiddellik voedsel nodig vir sy leërs en vir noodleniging, is verklaar.

## *Brit Meer Bekommerd Oor S.A. as Smuts*

In die Britse Laerhuis het 'n kommunistiese lid aan die minister van dominiale sake gevra waarom die kommunistiese blad Inkululeko verbied is binne die Britse Protektorate Basoetoland, Betsjoeanaland en Swaziland, **terwyl hierdie blad nêrens in die Unie aan beperkings onderhewig is nie.**

Die onderminister van dominiale sake het geantwoord dat die blad deur die Hoë Kommissaris verbied is weens sekere artikels daarin en o.a. gesê: **„Hoewel die sienswyse wat in die blad gelug is, in sommige opsigte gewysig is sedert Rusland tot die oorlog toegetree het, meen die Hoë Kommissaris dat sommige dele van die beleid wat gepropageer word, waarskynlik verkeerd vertolk kan word deur plattelandse naturelle en onrus gedurende die oorlog kan veroorsaak."**

**Hy het verder verklaar dat die Hoë Kommissaris geweier het om 'n afvaardiging van die kommuniste te ontvang in verband met die saak.**

## *Komintern Ontbind*

In die afgelope week is uit Moskou aangekondig dat die Kommunistiese Internasionale, d.w.s. die wêreldbestuur van die kommunistiese partye, ontbind is en dat die kommunistiese partye in elke land nou selfstandig kan ontwikkel.

Die rede hiervoor word duidelik aangegee in die Guardian, orgaan van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika. Die blad verklaar dat die nasionaalgesinde groepe steeds 'n sterk propaganda-wapen in die bestaan van die Komintern gehad het. Sy ontbinding sal egter geen uitwerking op die Kommunistiese partye hê nie. **Deur hierdie stap sal die arbeiders van die hele wêreld nou nader aanmekaar getrek word met die oog op die groot wêreldrevolusie.** Oor twee weke kom die voorstel tot samewerking tussen die arbeiders en die kommuniste in Engeland voor die arbeiderskonferensie. **Die ontbinding van die Komintern maak die aanname van die voorstel feitlik seker, waardeur agt miljoen arbeiders 'n verenigde front in Engeland sal sluit.**

## *Koffiefonteinse Reëlings*

Die Vrystaatse Hoofkwartier doen 'n beroep op persone wat deur Bloemfontein per motor na Koffiefontein reis, om van hul voorneme by die Hoofkwartier kennis te gee sodat persone wat graag die interneringskamp wil besoek, van sulke geleenthede gebruik kan maak ten einde vervoerkoste te bespaar. Alle voornemende besoekers word nogmaals daarop gewys om nie regstreeks met die Koffiefonteinse O.B.-kommandant reëlings vir vervoer en verblyf te tref nie, maar vroegtydig aan die Hoofkwartier te skryf.

## *Oorlog en Oorstromings*

Kort na die aankondiging uit Geallieerde kamp dat Brits-Amerikaanse bomwerpers die Mohn- en Eder-damme in Duitsland stukkend geskiet het sodat duisende Duitse gesinne dakloos geraak het weens oorstromings, is uit Amerika berig dat groot oorstromings in vyf Amerikaanse state geweldige skade aangerig het. Meer as honderdduisend mense is dakloos gestel, terwyl die skade aan fabrieke en landbougrond miljoene ponde beloop.

## *Jode Moet Padgee*

Alle Jode is gelas om die hoofstad van Bulgarye binne drie dae te verlaat, na verlede week aangekondig is. Diegene wat nie gehoor gee nie, word aan die gevaar blootgestel om uit die land verban te word.

Onthou sal word dat daar onlangs verskeie politieke moorde in Bulgarye plaasgevind het, en dat 'n groot aantal kommuniste in hegtenis geneem is.

# DIE CHURCHILL-TOESPRAAK

Dit het veral gedurende die huidige oorlog van „bloed en staal" gewoonte geword om ook met papierbomme te veg. Regeringshoofde van oorlogvoerende lande steek af en toe lang toesprake af wat deur middel van pers en radio die grootste mate van publisiteit geniet. Nog dae later sonder onderbreking word deur kommentaar in die pers en oor die radio aan dergelike toesprake geherkou. Ondanks al die gefladder wat hierdie papierbomme veroorsaak, is geen sienersblik daarvoor nodig om reeds nou al te konstateer dat dergelike toesprake 'n baie beskeie plekkie sal inneem onder die bronne-materiaal wat die wetenskaplike geskiedskrywer van die toekoms vir 'n geskiedeniswerk oor die huidige oorlog, sal kan gebruik. Nie vir die geskiedskrywer nie, maar vir die skrywer van 'n verhandeling oor propaganda sal dergelike toesprake toekomstige waarde besit. Immers hieruit sal geleer kan word hoe hierdie of daardie regeringshoof daarin geslaag het om onder eie geledere die blink kant bo te hou, die wankelmoediges te versterk, die oor-optimiste tot nugterheid te maan, die barste tussen bondgenote toe te smeer, nie op die tone van gevoelige bondgenote of neutrale lande te trap nie en om die vyand so veel moontlik bang te praat sonder om geheime te verklap. Dit alles vereis 'n handigheid wat deur geen propagandadiens versmaai sal word nie.

CHURCHILL HOOPVOL, MAAR . . .

Onder dergelike toesprake behoort ook die jongste een van Churchill voor die Amerikaanse Kongres. Hy is baie hoopvol oor die verdere verloop van die oorlog, maar hy wys ook op die gevaarpunte. Aan „die swaar beproefde en lang gekastyde China" stel hy in die vooruitsig „doeltreffende en onmiddellike hulp as een van die dringendste gemeenskaplike take van die Geallieerdes". Maar die saak is egter nie so eenvoudig nie, want eers moet Duitsland verslaan word. „Die nederlaag van Duitsland sal met sekerheid die ruïnasie van Japan beteken." Ook oor die bestryding van vyandelike duikbote is hy hoopvol „hoewel die duikbootgevaar nog die grootste is waarmee ons te kampe het". Dit is veral oor die eie lugoffensief dat Churchill baie hoopvol is. Die Geallieerdes sou nie alleen „oor baie meer vliegtuie" as die vyand beskik nie, maar dit is ook „ons vaste beleid om dit vir Duitsland onmoontlik te maak om in Duitsland, in Italië of in enige van die vyandelik-besette lande met enige grootskaalse of gekonsentreerde vorm van oorlogsnywerheid voort te gaan." Tog gee Churchill ook toe dat die gebruik van lugsterkte alleen die

(Vervolg op bls. 5, kol. 2)



# Verkiesing Wysig Drie Beleidspunte Ten Gunste van Engelse

**Nou dat die verkiesing nader en dr. Malan weens sy weiering van die aangebode hand van anti-oorloggesinde Afrikaners toegewys is op die stemme van oorloggesinde Engelse, laat hy die een Afrikaanse standpunt na die ander vaar. Op groot beginselpunte klink sy stem steeds meer en meer soos dié van Smuts. Ons noem onderstaande drie voorbeelde:**

1. Dr. Malan **ontken** in sy verklaring van 17 Mei dat hy tans neutraliteit ten opsigte van die oorlog voorstaan. Hy is ten gunste van voortsetting van die oorlog, maar net op 'n goedkoper manier. **Hy erken openlik en met nadruk dat hy presies staan waar Smuts op 4 September gestaan het.**

Stel hierteenoor die beleid van dr. Malan vóór die verkiesing. Op bladsy 22 van die Konstitusie van die H.N.P. in Kaapland (1941) word die party se standpunt ten opsigte van die oorlog as volg helder en klaar gestel:

> **,,Dat ons deelname aan die oorlog op generlei wyse geregverdig kan word nie, en nou nog minder as ooit, en dat Suid-Afrika se belang daarom eis dat ons ONMIDDELLIK ONS DAARAAN SAL ONTTREK."**

Dit was dr. Malan se beleid TWEE JAAR ná die uitbreek van die oorlog, en dit is opgeneem in sy partykonstitusie.

2. In dieselfde Konstitusie stel die Party as beleid (bl. 20): ,,Verder dring hy aan op die **konsekwente** deurvoering van die **segregasie-beleid . . .**"

In sy verkiesingstoespraak in Pretoria verwerp dr. Malan nou die konsekwente deurvoering van die segregasiebeleid deur te verklaar:

> **,,Watter reg het ons om agt miljoen in ander se gebied te plaas? Ons ekonomiese lewe is vir die grootste deel op nie-blanke arbeid gegrondves. Dit sou alles ontwrig op ekonomiese gebied."**

3. Genl. Smuts staan vir 'n SUID-Afrikaanse nasieskap in teenstelling met 'n **Afrikaanse** nasieskap wat die standpunt van die nasionale Afrikanerdom is. **Dit beteken 'n TWEETALIGE nasie bestaande uit Engelse en Afrikaners.**

Op 24 September 1941 nog het dr. Malan hierdie Sap-standpunt onomwonde verwerp deur op Elliot te verklaar:

> ,,Hier is maar **een volk,** die **nasionaalgesinde Afrikanerdom.** Die ander (d.w.s. die Engelse) is nie 'n volk nie, hulle is deel van 'n volk oor see."

Nou in sy verkiesingstoespraak op Vryburg (Die Burger 29 Mei) sê dr. Malan:

> **,,Die H.N.P. staan SUID-Afrikaanse nasieskap voor en SUID-Afrikaanse nasieskap alleen . . . as die Engelsman sy taal wil behou, moet ons dit nie van hom wegneem nie."**

Volgens hierdie uitspraak moet die Suid-Afrikaanse nasie nog gebore word, want dr. Malan erken self dat die Engelse ook nog eers moet bykom: **,,Die Engelse in die land behoort nie Engelse te wees nie, maar SUID-Afrikaners soos ons. HULLE HOEF HUL TAAL NIE TE VERANDER NIE. Spr. SAL GEEN STROOI IN DIE PAD LÊ WAAR HULLE HUL TAAL WIL BEHOU NIE."**

Hoe vergelyk dit met genl. Smuts se standpunt soos gerapporteer in Die Burger van 20 Mei:

> ,,Soms wonder ek of ons werklik 'n nasie is en of Suid-Afrika nie nog in die geboortepyne van die voortbrenging van 'n nasie verkeer nie. Ek sal graag die vroedvrou wil wees. **Ek sal graag 'n SUID-Afrikaanse nasie wil sien groei . . ."**

'n Verkiesing is darem 'n snaakse ding, en 'n politikus nog snaakser!


# AANDAG!!!

**DIE KOMDT.-GENERAAL**

**Dr. J. F. J. VAN RENSBURG**

en

**Die Adjunk- Komdt.-genl.**

**J. A. Smith**

Spreek 'n sametrekking toe

VAN ALLE OFFISIERE VAN OMGEWING,

op

**VRYDAG, 19 JUNIE**

**IN DIE DRILSAAL**

**OUDTSHOORN**

vanaf 2-uur in middag en in aand

**Verklarings i.s. Reorganisasie en komende Verkiesing**

**Brandwagte Welkom**

**Middag en Aand**


## DIE CHURCHILL-TOESPRAAK

(Vervolg van bls. 4)

ineenstorting van Duitsland en Italië teweeg kan bring." Oor die Noord-Afrikaanse oorwinning is hy natuurlik welsprekend, tog verwys hy terloops daarna dat Rusland 218 Spil-divies besig hou teenoor slegs 15 divisies wat in Tunisië vernietig is. Dit sou 'n ,,aanduiding wees van die Russiese poging en die dank wat die Geallieerdes aan hulle verskuldig is." Hy voorspel 'n derde Duitse poging ,,om die hart en die gees" van Rusland te breek, maar oor die uitslag is hy baie hoopvol en die Amerikaans-Britse bondgenote ,,moet alles denkbaar en uitvoerbaar in hul vermoë doen om in 1943 meer van die gewig van Rusland af te wend."

### CHURCHILL OOK MINDER OPGEWEK, MAAR . . .

Churchill het sy toespraak nie juis opgewek beëindig nie. Hy ,,wil nie verantwoordelik gehou word vir enige bewering dat die oorlog gewen is of dat dit binnekort beëindig sal wees nie." Dit, na byna vier jaar van oorlog en na al die menigvuldige voorspellings dat die stryd binne hierdie of daardie tyd, in hierdie of daardie jaar beëindig sal wees!

Churchill gaan egter verder: ,,Ons het baie ernstige gevare te bowe gekom en daar is een ernstige gevaar wat ons tot die einde toe sal vergesel. Daardie gevaar is die onnodige uitrekking van die oorlog. Niemand kan voorspel watter nuwe verwikkelings en gevare miskien voor die einde van nog vyf jaar van oorlog kan ontstaan nie, en lit is in die uitrekking van die oorlog teen reusagtige uitgawes totdat die demokrasieë afgemat, verveel of verdeeld is dat die vernaamste hoop van Duitsland en Japan tans moet setel."

Op twee Churchillse gedagtes verdien hier gelet te word. Die eerste is dat tyd, vroeër altyd 'n bondgenoot van die Geallieerdes, nou oorgeloop het na die vyand en dat 'n ineenstorting van die Spil-magte nie voor die deur staan nie. Die tweede gedagte is dat daar onder die Geallieerdes ook verdeeldheid kan kom. Op watter verdeeldheid sinspeel die Britse Premier hier? Is verdeeldheid miskien een van die oorsake waarom afgesante van die Bolsjewistiese en Chinese bondgenote nooit aan die gewigtige besprekings tussen Roosevelt en Churchill deelneem nie?

Aan die sombere slotgedagtes van die Britse Premier behoort egter nie te veel waarde geheg te word nie. Dit is waarskynlik dat Churchill, in 'n vlaag van welsprekendheid, hom weereens skuldig aan oordrywing gemaak het soos vroeër, volgens die bewering van die Britse professor Harold Laski in sy werk ,,Parliamentary Government in England" wat in 1938 verskyn het. Die eindoorwinning is tog seker, so verseker Churchill ons.

# Dr. Malan se Redes vir Weiering Tot Samewerking Ontleed

**As verdediging vir dr. Malan se weiering van die aangebode hulp van die drie anti-oorlogsgroepe in die verkiesing noem Die Volksblad van 22 Mei drie redes.**

Hy verklaar dat weens die aard van hul organisasies die Ossewabrandwag en die Nuwe Orde nie in aanmerking kan kom vir 'n verkiesingsooreenkoms nie. Dit was ook nooit die O.B. se doel nie. Hy het sy hulp vir 'n verkiesingsfront aangebied sonder dat hy begeer het om teenwoordig te wees in enige onderhandelinge. **Al wat hy verlang het was dat die politieke partye mekaar moet vind voor die verkiesing.** Hy wou nie die een teen die ander steun nie.

Nadat die Nuwe Orde hulself van die verkiesingstoneel verwyder het, het daar net die Afrikanerparty oorgebly met wie dr. Malan moes onderhandel. Hoe maklik!

Mnr. Havenga het dit vir dr. Malan nog makliker gemaak deur geen addisionele setels vir sy party te vra nie. **Hy was tevrede om net die agt te verdedig wat sy party tans verteenwoordig. Hy het dr. Malan ook aanvaar as parlementêre leier van die opposisie.** Dr. Malan het egter geweier om hierdie maklike voorwaardes aan te neem, en daarmee is 'n skitterende geleentheid om eenheid te bewerkstellig verlore.

Die Volksblad se drie redes vir die weiering is:

1. Die Afrikanerparty het in geen kiesafdeling 'n meerderheid nie, en daarom kon nie met hom soos indertyd met die Arbeidersparty 'n ooreenkoms aangegaan word nie. Die meerderheid sou dan moes stem vir 'n opgedronge kandidaat. Ter stawing van sy bewering verwys die blad na die tussenverkiesings van Winburg, Smithfield en Fauresmith.

**ONS ANTWOORD HIEROP IS:** (a) Niemand het in 1924 presies kon vasstel hoe sterk die Arbeidersparty in elke kiesafdeling was nie. **Dit was blote gissings net soos tans.** (b) Die tussenverkiesings van 1941 is gehou **voor die skeuring tussen die O.B. en die H.N.P.** Veral in Winburg was dit die Ossewabrandwag se organisasie wat die oorwinning aan die party besorg het. **Vandag is die posisie heeltemal veranderd.** (c) As dit so verskriklik is om aan die kiesers 'n kandidaat op te dring wat teen die meerderheid se keuse is, **waarom was dr. Malan verlede jaar bereid om mnr. D. J. Scholtz se nominasie in Namakwaland ongeldig te verklaar bloot omrede hy lid van die Ossewabrandwag was? Het die meerderheid hom dan nie gekies nie?**

2. Die tweede rede is die vyandiggesindheid van die Afrikanerparty teenoor die H.N.P. ,,Die A.P. se materiaal vir toesprake en artikels sou byna heeltemal verdwyn as hulle op 'n dag sou besluit om die H.N.P. nie meer aan te val nie," verklaar die blad!

**ONS ANTWOORD HIEROP IS:** (a) As dr. Malan 'n ooreenkoms met die A.P. sluit, verdwyn sy vyandigheid mos daar en dan! **Dit is mos dan juis die maklikste manier om die vyandigheid te staak? Is die blad dan begaan oor die feit dat die A.P. se ,,materiaal" sal verdwyn?**

3. Die derde rede vir die weiering is dat die Arbeidersparty van destyds 'n bestaansreg gehad het deurdat hy daarin geslaag het om groot steun in die industriële sentra te verkry met 'n program wat verskil het van dié van die Nasionale Party. **Die Afrikanerparty daarenteen het ,,geen enkele fundamentele geskilpunt" met die H.N.P. nie. Daarom weier dr. Malan sy samewerking!** Die Volkslad se verskoning is dat dr. Malan aan volkseenheid 'n ondiens sou bewys het **,,as hy 'n reëling gaan tref wat op kunsmatige wyse 'n kunsmatige verdelingslyn aan die lewe hou."**

**ONS ANTWOORD HIEROP IS** dat dr. Malan dan blykbaar verkies om op **natuurlike** wyse 'n kunsmatige verdelingslyn aan die lewe te hou! **As daar dan wel so min verskil tussen die twee partye bestaan, waarom dan bang om die A.P. agt setels te gee? Dan is dit mos ook nasionale setels! Dr. Malan kan dit sekerlik met 'n skoner gewete doen as wat hy indertyd aan min. Madeley 'n setel gegee het!**

Nadat die blad hierdie fraaie verskoning gemaak het, naamlik dat daar **geen verskil** tussen die H.N.P. en die A.P. is nie, sê hy daar is nog meer dinge wat nie uit die oog verloor moet word nie, en dit is dat A.P.-manne sou gesê het **,,dat die oorlog die enigste verskil is tussen hom en genl. Smuts"!**

**Ons dag dan dr. Malan het geweier omdat daar ,,geen enkele fundamentele geskilpunt" is nie!**

So lyk politiekery!

**Laat hulle maar liewer erken dat dr. Malan die aangebode hulp geweier het omdat hy nie MET die ander republikeinse groepe wou optrek in die stryd nie, maar TEEN hulle. Sy hoofoogmerk is om hulle uit te delg, en as hulle aan sy kant teen die Empire veg, mag hy nie op hulle skiet nie.**

## DR. MALAN IN ONGUNS BY EIE VOLGELINGE

**Verneem word dat daar groot ontevredenheid by 'n aansienlike deel van dr. Malan se aanhangers teen sy huidige leiding heers. Veral in die noorde waar die mense begerig was om verenigd teen Smuts en die oorlog op te tree, word sy leierskaphoedanighede sterk in twyfel getrek. Gevoel word dat as genl. Smuts agttien setels kon afstaan vir die samewerking van twee klein partytjies, dr. Malan baie makliker bereid kon gewees het om agt setels aan mnr. Havenga af te staan waardeur die steun van alle republikeinse groepe dan verseker kon gewees het.**

**So 'n sterk gevoel bestaan daar teen sy leierskap dat dr. Malan verlede week in Johannesburg dit nodig geag het om meer as die helfte van sy toespraak voor 'n uitgesoekte kring van ondersteuners te wy aan 'n pleidooi ter verdediging van sy leierskap.**

**Hierdie wantroue in dr. Malan se leiding begin ook reeds hoorbaar word in Kaapland. Van dr. Malan se getrouste volgelinge spreek nou al openlik hul twyfel uit of hy die regte leier vir hierdie kritieke tyd is. Die grootste beswaar is dat dr. Malan nie sy aandag van ondergeskikte griewe kan afwend na die groter sake waaroor almal dit eens is nie.**


# VOLKSKAS

GEE: 3½% Rente op Vaste Deposito's vir twee jaar.

3% Rente op Vaste Deposito's vir 12 maande.

2½% Rente op Beleggingsertifikate — opvorderbaar met 3 maands kennisgewing.

2% Rente op Spaarrekeninge.

**Volkskas (Koöp.) Bpk.**

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat,

**PRETORIA.**

Die Volk se Bank.

# Laertrek van Transvaalse Vroue

## Pragtige Dissipline Heers in Kamp

**Vir die tweede agtereenvolgende jaar het 120 O.B.-vroue uit alle dele van Transvaal van 7 tot 14 Mei op die plaas Vlakfontein, naby Roodepoort, 'n laertrek bygewoon onder bevel van genle. mev. K. Malan.**

Die besoeker aan die kamp is dadelik getref deur die pragtige dissipline en ordelikheid wat daar geheers het. Immers, jy kom onder die besef daarvan nog voordat jy die kamp binnegaan, want, nieteenstaande die koel aandlug, word jy deur twee vroue-wagte wat trots op aandag in die pad staan, by die kamphek voorgekeer. Eers nadat die besoeker sy naam en doel van besoek in 'n boek aangeteken het en magtiging uit die kamp verkry is, word hy toegelaat om die hek binne te gaan. Ewe flink het 'n ander vrou 'n plek vir die motor aangewys. Dan begelei sy jou na die tent van samekoms. Net soos in die geval van die wagte help dit jou nie eers om 'n vriendelike woordjie met jou begeleidster te probeer wissel nie, want haar bevel is om nie met besoekers te praat terwyl sy op diens is nie en sy hou haar stiptelik daarby.

Aan die ingang tot die kamp pryk twee pragtige groot Ossewabrandwagvlae. Naaste aan die ingang staan 'n groot tent wat as vergaderplek dien en langsaan strek die 51 woontente in netjiese rye uit, elkeen genommer en met die ingang na die „straat." Daar is 'n Hans van Rensburgstraat, 'n Kittie Malanstraat en 'n Jacobus Jerlingstraat. Die kamp is verlig deur lanterns aan pale wat die vrouens self aangebring het.

Heerlike vars watter word in die kampterrein verkry uit 'n put wat die vroue self met die vorige laertrek gegrawe het. Die water is so sterk dat dit tot slegs 'n voet van die grondoppervlakte opstoot. Langsaan die put, wat met sinkplate bedek is, staan 'n tenk wat vol geskep word en waaruit die water dan vir verbruik getap word.

Die benodighede is daagliks van boere in die omtrek en 'n naburige handelaar gekoop en in die kamp aan die vroue verkoop.

„Geen afval mag om die tente gegooi word nie. Dit moet alleen in die gat wat daarvoor gemaak is, gegooi word." So lui een van die kampreëls en om toe te sien dat dit nagekom en die kamp in netheid gehou word is „kamppolisie" aangestel. Spesiale „verkeerspolisie" moes sorg dat motors en ander verkeer nie in die kampterrein kom nie, maar slegs op die plek wat daarvoor aangewys is.

Die vroue het self om die beurt wag gestaan van 8-uur in die oggend tot 12-uur in die nag, sommige nagte tot 2-uur in die oggend. Nieteenstaande die koue nat weer het hulle getrou op hul poste gebly.

Die kampterrein beslaan twee morge grond wat aan die Ossewabrandwag geskenk is deur mnr. en mev. E. Nolte, van Vlakfontein, Roodepoort. Mev. Nolte is 'n hoofkommandante in die Beweging en terwyl sy op 'n dag ongesteld was het die vroue in die kamp na die plaas marsjeer en die Ossewabrandwaglied voor haar venster gesing. Sy was aangenaam verras deur hierdie blyk van kameraadskap.

Elke vrou het die taak wat haar aangewys is, getrou nagekom, ongeag die rang wat sy in die organisasie beklee. Hoofkomdte Röscher het as kampkommandante die getroue bystand van almal gehad. Hoofkomdte. I. Hansen, van Standerton was verantwoordelik vir die sang; hoofkomdte. F. C. Mans, van Zwartruggens, vir die finansies; hoofkomdte. J. J. Wentzel, van Bloemhof, vir die wagte; en hoofkomdte, dr. P. Wassenaar, van Germiston, vir die kamp-higeïne. Hoofkomdte. E. Nolte het almal bygestaan.

### PROGRAM

Die daaglikse program was as volg: 6.30 vm. opstaanklok; 7.15 liggaamsoefeninge; 7.30, oggenddiens; 8.30 — 10, ontbyt en regmaak van tente; 10 vm., byeenkoms in tentsaal; 11 — 3 nm., middagete en gesellige verkeer; 3-uur, byeenkoms in tentsaal; 4 — 6.30, gesellige verkeer en aandete; 6.30, aanddiens; 7.30, byeenkoms in tentsaal; en 10 nm., ligte uit.

Die oggenddiens op Sondag, 9 Mei, is waargeneem deur ds. S. J. Stander, voorsitter van die Grootraad, en die middagdiens deur eerw. M. S. F. Grobler, van Pretoria.

Deskundiges het lesings oor gesondheids- en ander volksorgsake gehou. Dr. V. Bührmann oor „senuwesiektes"; dr. J. Anderson oor „postuur en die verhouding tot gesondheid"; dr. P. Wassenaar oor „tuisverpleging van aansteeklike siektes"; dr. G. B. Büchner oor „'n gesonde voorgeboorte - lewe", as ook lesings deur dr. C. F. Krige en dr. Gerrie van der Merwe.

Gebiedshoofgenl. Louis Botha het die laer toegespreek oor die aandeel van die vrou teenoor die minderbevoorregte kind. Hoofkomdte. A. Röscher het 'n lesing oor „dissipline" gehou. Op 13 Mei is die laer toegespreek deur genl. J. D. Jerling en in die aand deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. van Rensburg.

In haar afskeidsrede het genle. Malan die vroue bedank vir hul dissipline en die aangename gees wat in die kamp geheers het.

Byna elkeen het gewag gemaak van die besielende en leersame tyd wat hulle in die kamp deurgemaak het, en die vriendskapsbande wat daar gelê is. Menige afskeidsnik was dan ook hoorbaar.

Kommandante Ferguson - Louw, van Bellville, Kaap, het die kamp as afgevaardigde van die Kaapse vroue-kommando's bygewoon.—(Kor.)

## VERJAARSDAGKETTING

**3 Junie:** Susarah Pace (George), Dawid Muller (Sutherland); **4 Junie:** Lena Scholtz (Pearston), Jesajas de Kock (Komgha), Gertruida Dumas (Plumstead), Johannes Fourie (Upington); **5 Junie:** Annie Berecke (Port Elizabeth), Peroldeen Deupers (Parow), Jurius du Toit (Maribogo), Lettie Nienaber (Grootfontein, S.W.A.); **6 Junie:** Marlene Gerbers (Beaufort-Wes), Daniel Marais (Port Elizabeth), Thomas Dawson (Port Elizabeth), Cecilia de Villiers (Duiwekop, Kaapstad); **7 Junie:** Petronella Cilliers (Augrabies), Anna de Villiers (Matjiesfontein); **8 Junie:** Martha Bester (Kalabaskraal), Johannes van Rensburg (Port Elizabeth), Jasper Kershoff (Houtbaai); **9 Junie:** Carel Vernooi (Beaufort-Wes), Maria Fourie (Dist. Mosselbaai).

## GEORGE SE OFFERGELD

Die kommando's van George sorg nog steeds vir die afhanklikes van vyf geïnterneerdes in hul midde. Die opbrengste van offergelde gaan vir hierdie doel.

## INTEKENGELD VERHOOG OP DIE O.B.

**Intekenare op Die O.B. word hiermee in kennis gestel dat weens onvermydelike omstandighede intekening op Die O.B. vanaf 1 Julie 1943, as volg verhoog sal word:—**

**(1) Kommando-intekenare:— (D.i. intekenare wat deur die Kommando waaronder hulle ressorteer, inteken: 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.**

**(2) Intekenare wat verkies om nie deur 'n Kommando in te teken nie, maar regstreeks deur Voorslag Edms. Bpk., 10/- per jaar.**

## SPINKURSUS 'N GROOT WELSLAE

### Dissipline Dra Baie By

Daar breiwol onverkrygbaar is het die Vroue-afdeling in die gebied Oranje Vrystaat 'n groot organisasie op tou gesit om die vroue te leer om hul eie wol te spin. Met die grootste geesdrif is aan die oproep voldoen en byna elke vroue-kommando van die Vrystaat het 'n verteenwoordiger gestuur, sodat 121 vroue in Bloemfontein van 12 tot 19 Mei saamgetrek was om 'n spinkursus by te woon.

Geen hindernis was groot genoeg om die vroue weg te hou nie, moeite en koste was nie ontsien nie. Dit bewys duidelik dat die onderneming in 'n groot behoefte voorsien en dat die vrou vasberade is om in haar eie behoefte te voorsien.

Behalwe die spinkursus het die vroue hul saans besig gehou met O.B.-aangeleenthede, lesings en demonstrasies van opvoedkundige waarde.

Die Kommandant-generaal het spesiaal oorgekom om die kursusgangers toe te spreek en het onder andere uitgewei oor die rol van die vrou in die Ossewabrandwag. By hierdie geleentheid is ook 'n krans gelê by die vrouemonument namens die Ossewabrandwag-vroue van die Vrystaat.

Dit was 'n suiwer Ossewabrandwagonderneming, maar die Huisvlytraad van die Vrystaat het die instruktrise verskaf. Hierdie Raad het vir 'n geruime tyd reeds 'n Spin- en weefskool in Bloemfontein waar persone enige tyd 'n kursus kan neem. Deur bemiddeling van die Raad kon spinwiele en kamme teen 'n baie billike prys bekom word. Die Spin- en weefskool is ook tot die beskikking van die kursusgangers gestel waar hulle kon gaan leer het om die wol te was en te kleur.

'n Veertiendaagse kursus is in 8 dae voltooi, en volgens verklaring van die hoofinstruktrise, is dit moontlik gemaak deur die strenge dissipline van die Beweging.


'n Baie aangename gees het onder die kursusgangers geheers en al singende het hulle die spinwiele aan die draai gehou.

Die vroue sou teruggaan na hul kommando's om verdere belangstelling vir die spinkursus op te wek.—(Kor.)

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre-Mark
KAAPSTAD
BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

Maak Kennis met die
Nuwe Volkspele
Opgestel deur Hester Morrison
(Mev. W. van Huyssteen)
Met Musiek en Liedjies (grondgedigte) deur
M. L. de Villiers
Komponis van „Die Stem van Suid-Afrika."
*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*
Prys 4/3 posvry
Bestel by die uitgewers, PRO ECCLESIA-DRUKKERY Posbus 28, Stellenbosch of by u Boekhandelaar.

Ondersteun Ons Adverteerders!

STERK SKAKELS...

*maak 'n sterk ketting!*
Net so bou versorgde, selfstandige huisgesinne 'n selfstandige, selfversorgende volk en land.
★
SANLAM
Die werklik versorgde huisgesin is die een met 'n Sanlam-Polis
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE OWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR. WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

